LES 11: VRIENDELIKHEID

Bybel Storie gedeelte: Elisa, 2 Konings 4:1-17

Ons Boodskap vir vandag:
Hier het ons drie ineengeweefde stories van vriendelikheid en meegevoel. Eerstens ontmoet Elisa die vrou van 'n profeet wat dood is, en hulle skuldeiser dreig om haar twee seuns as slawe te neem vir die skuld. Elisa wys sy vriendelikheid en behulpsaamheid deur onmiddelik te probeer help as hy vra: Wat kan ek vir jou doen? Hierdie vermeerdering van die olie kom van die Here af, maar Elisa se vriendelikheid was die instrument waardeur God kon werk.

'n Rukkie daarna het Elisa deur die dorpie Sunem geloop, toe hy 'n ryk vrou ontmoet het. Sy het daarop aangedring dat Elisa by haar en haar man moet kom eet en oorbly, tydens sy besoeke aan hierdie dorpie. Elisa se behoeftes is vervul deur die vriendelikheid van hierdie vrou en haar familie.

Laastens, op nog so 'n besoek, het Elisa sy dienskneg gevra om die vrou te vra wat hulle vir haar kan doen om dankie te sê vir al haar vriendelikheid. Haar reaksie wys dat sy nie vriendelik was in die hoop om iets daaruit te kry nie. Sy was gelukkig met haar lewe, en haar vriendelikheid was onbaatsugtig gegee, sonder enige verwagtinge om iets in ruil te ontvang.

Om onverdiende vriendelikheid aan iemand te bewys, demonstreer Jesus se karakter. Lukas 6:35 sê ons moet lief wees en goed doen aan ons vyande. Jou beloning in die hemel sal groot wees, en jy tree waarlik soos 'n kind van God op as jy dit doen. Vriendelikheid is ons reaksie Jesus se liefde. Ons kan nie vriendelikheid en genade verwag, as ons dit nie ook aan ander bewys nie. God verwag dat dit ons daaglikse gedrag in ons lewens sal wees.

Ons skriffie vir die dag:
Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het. Efe. 4:32

Bykomende agtergrond skriffies:
2 Tim 2:24 'n Dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig, en een wat kwaad kan verdra.

2 Korinthiërs 6:6 Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde.

Gebed:
Liewe Jesus, Dankie dat u ons gebruik om U liefde aan ander mense te wys. Help ons om gaaf en vriendelik met die mense om ons te wees. Laat my vriendelikheid almal wat ek ontmoet wys dat U liefde in my hart leef.
Amen

Aktiviteit:
Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, gekleurde karton, inkleurpotlode.

Hulpmiddels: Skryf jou versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Vrae vir bespreking: *Kan 'n gewone mens die soort vriendelikheid van Elisa demontreer aan ander?*
Maniere om God se liefde deur vriendelikheid te wys, is om wanneer iemand met jou baklei of stry, nie terug te baklei nie. Praat liewer invriendelikheid terug met hulle, dit sal jesus gelukkig maak. As iemand aaklig met jou is, wys hulle Gos se liefde deur te glimlag en vriendelik te wees. Wees mededeelsaam met die dinge waarme Jesus jou geseen het. Gee jou ou klere weg aan iemand wat dit nodig het, en laat jou boeties, sussies of vriede toe om met jpou sppelgoed te speel. As jy iemand sien wat jou huklp nodig het, help hulle na die beste van jou vermoë.

Taak: Wil jy een van Jesus se helpers wees? Jesus het almal geskape, en Hy is life vir elkee, in hulle spesiale manier. Omdat Jesus binne in jou hartjie lewe, het hy JOU nodig om sy liefde met almal te deel. Hoe anders sal hulle weet dat Jesus hulle liefhet? Ons gaan elkeen hierdie week Jesus se helpers wees. Ons gaan kaartjies maak wat almal vertel hoe life Jesus hulle het, en dan gaan ons na die Ouetehuis toe gaan, en ons kaartjies daar vir die ou mensies uitdeel.
Hier is 'n voorbeeld vir 'n kaartjie:



Vou 2 A4 gekleurde papiere in die helfte. Die een sal die omslag van die kaartjie wees, die ander een sal die binnekant wees. (1) Op die stuk wat die binnekant sal wees, sny 2 kort lyntjies naby die middel van die vou. Vou die buitenste 2 flappe, maar nie die middelste gedeelte nie. (2) Vou hulle nou terug na die oorspronklike posisies. Maak die kaartjie oop. Druk die die 2 flappe na die binnekant toe op, sodat hulle trappies vorm. (3) Sny prentjies uit van blomme, vlinders of diertjies uit ou tysdkrifte, of teken dit op gekleurde papier en sny uit. Versier die res van die kaartjie met gom, blinkertjies en kleurkryt. Plak die prentjies op die flappe. Maak seker die prentjies steek nie uit verby die kante nie, en dat die gom nie uitloop, sodat als aan mekaar vasplak nie! (4) Nou kan jy die binnekant aan die buitekant vasgom. Versier die buitekant, en skryf 'n boosdkap binne in jou kaartjie.

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 12: GOEDHEID

Bybel Storie gedeelte: Maria was Jesus se voete met Olie. Joh. 12

Ons Boodskap vir vandag:
Daar sal altyd mense wees wat ons goeie werke kritiseer, maar as ons dit in opregtheid van hart doen, word ons geseën. Moet nooit 'n kans laat verbygaan om goed te doen nie.

Ons skriffie vir die dag:
Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae. Ps 23

Bykomende agtergrond skriffies:

Psalm 33:5 Hy het geregtigheid en reg lief; die aarde is vol van die goedertierenheid van die HERE.

Psa 107:8 Oh that men would praise the LORD for his goodness, and for his wonderful works to the children of men! Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders;

Jesaja 63:7 Ek sal die goedertierenhede van die HERE prys, die roemryke dade van die HERE, ooreenkomstig alles wat die HERE aan ons bewys het, en die veelvuldige goedheid jeens die huis van Israel wat Hy aan hulle bewys het, na sy barmhartighede en na die grootheid van sy goedertierenhede.

Gebed:

Liewe Jesus,
Help my asseblief om nie met toe oë deur die lewe te gaan nie,
maar raak te sien waar
ek vir iemand iets
goeds kan doen.
Amen

Aktiviteit:



Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, lee spesery botteljie, Skoon wit papier, plakaatverf, krale, blinkers, lint, steenjies.

Hulpmiddels: Dis tyd om die volgende vrug in die boom te sit! Sny die druiwetros uit op die lyntjies, kleur dit in, en plak dit in die boom. Skryf ook jou versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Huiswerk: Gaan huis toe en doen iets goed vir iemand (pluk 'n blommetjie vir mamma en sê dankie vir alles wat sy vir jou doen, of maak 'n kaartjie vir iemand ens.) Skryf dan in jou sondagskool boek wat jy gedoen het, en hoe dit gevoel het om vir iemand iets goed te doen.

Taak: Hierdie week gaan ons 'n Kosbare Oliefles maak.



Neem 'n leë ou spesery botteltjie, of iets soortgelyks. Skroef die deksel af. Ons gaan nou die deksel en die botteltjie vol koue lym gom verf, sodat ons papier oor alles kan plak (soos Papier-mâché) Moet net nie gom of papier oor die skroefgedeelte van die botteljie plak nie, anders kan ons nie weer die deksel op plak nie! Vat 'n klomp klein geskeurde stukkies papier, en bedek die botteltjie en prop. Probeer dit mooi glad hou.

Laat staan nou om droog te word. Sodra dit droog is, teken patrone op met 'n potlood, en verf dan in helder kleure. Sodra die verf droog is, versier die deksel en botteltjie met krale, blinkertjies, linte, of enige iets wat dit mooi sal laat lyk. Sit deksel teug op, en siedaar! Jy het jou eie kosbare Fles!

Gooi elke week al jou orige sente in die botteltjie. Sodra dit vol is, vat die geld, en doen iets goed daarmee.

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 13: GOEDHEID

Bybel Storie gedeelte: Die Barmhartige Samaritaan Luk 10:30

Ons Boodskap vir vandag:
Moenie nalaat om goed te doen nie. Ons moet doen soos Jesus sou doen, nie net met ons vriende en die mense van wie ons hou nie. As dit in jou mag is om goed te doen, moenie weerhou nie. Moenie dink jy is beter as iemand anders, of dink: Laat iemand anders hom maar help nie.

Ons skriffie vir die dag:
Laat ons dan aan almal goed doen. Gal 6:10

Bykomende agtergrond skriffies:

Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie. SPREUKE 3:27-28

Maar sonder jou goedkeuring wou ek niks doen nie, sodat jou goedheid nie uit dwang sou wees nie, maar uit vrye keuse. Fil 1:14

Psa 68:10 U skare het daarin gewoon; U het dit in u goedheid berei vir die ellendige, o God!

Psa 107:9 want Hy het die dorstige siel versadig en die hongerige siel met die goeie vervul.

Psa 23: Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe;

en ek sal in die huis van die HERE bly

in lengte van dae.

Gebed:
Liewe Jesus
Help my om goed te doen aan almal,
sonder om iets terug te verwag.
Amen

Aktiviteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleurpotlode.

Taak: Skryf jou skriffie vir die dag in jou boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Hulpmiddels: Ons gaan vingerpoppe maak, sodat ons die storie kan onthou, en vir ons ouers en maatjies kan oorvertel sonder om dit te vergeet!

(vou om jou hand en plak die groen flappe aanmekaar vas)

Kleur die vingerpoppe in. Sny hulle dan uit, kyk waat die merkies is waar hulle omgevou en ingehaak moet word om jou vinger. Begin dan by die man wat aangeval is. Sit hom om jou wysvinger, en pinkie. Sit dan die mannetjies in volgorde van die storie op jou wysvinger, middelvinger en ringvinger, soos hulle op die beseerde man afgekom het. Maklik né!

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.